



**Vak:** Graad 8 Afrikaans: EAT

**Onderwerp:** Afrikaans: Kwartaal 1 - Mini-Eksamen

**Totaal:** 76 Punte

---

1. "verstommende" | verstommende

3 punte

**Verduideliking:**

Paragraaf 4:

Die ondersoek ("investigation") het 'n **verstommende** ("astonishing") ag maande lank geduur.

Die woord, **verstommend**, dui daarop dat mense **verbaas** ("amazed") was dat dit **so lank** kon duur om uit te vind of 'n **duif** as 'n **spioen** gebruik was.

---

2. dreigement | minister

4 punte

**Verduideliking:**

Ons lees in paragraaf 5 dat "'n boodskap met 'n **dreigement** ("threat") aan die eerste **minister** van Indië, Narendra Modi, aan hom gevind was."

Enige **owerheid** ("government") sal 'n **dreigement** aan hul eerste minister **ernstig** ("serious") opneem. Die persoon of instansie wat so 'n dreigement maak, sal **aangehou** en **ondervra** ("interrogate") word.

---

3. onwaar

2 punte

**Verduideliking:**

Ons lees in paragraaf 1 dat die duif **vrygelaat** ("let go") is nadat hy **onskuldig bevind** ("found innocent") is.

---

4. waar

2 punte

**Verduideliking:**

Ons lees in paragraaf 2 dat daar 'n **hawe** ("harbour") by die hoofstad **Mumbai** is. Dit dui daarop dat dit **by die see** is.

---

5. Times of India | "Times of India"

3 punte

**Verduideliking:**

Paragraaf 2:

"Die duif is by 'n hawe in die hoofstad Mumbai gevind met "boodskappe in 'n Chinese-tipe skrif" op sy vlerke, het die **Times of India**-koerant berig."



---

6. stadshospitaal | "stadshospitaal" | hospitaal

3 punte

**Verduideliking:**

Paragraaf 3:

Die **duif** ("pigeon") is agter slot en grendel ("lock and key") gehou by 'n **stadshospitaal** terwyl die polisie die saak **ondersoek** ("investigated") het.

---

7. waar

2 punte

**Verduideliking:**

Ons lees in paragraaf 4: "Die duif het in **goeie gesondheid** ("good health") weggevlieg." Dit beteken dat die duif **goed versorg** ("well looked after") was in die ag maande, anders sou dit **nie so kon wegvlieg nie**.

---

8. B: China

4 punte

**Verduideliking:**

Ons lees in paragraaf 2 dat daar boodskappe in 'n "**Chinese-tipe skrif**" op sy vlerke gevind was. Dit het die Indiese owerhede laat dink dat die duif vir **China** spioeneer.

---

9. drie | spioenasie

4 punte

**Verduideliking:**

In paragraaf 1 tot 4 word die **hoofstorie** vertel van die **duif** wat in **Mumbai** gevind en aangehou is. In paragraaf 5 lees ons dat die duif "die **jongste** van **verskeie** ... wat **aangehou** is". Dit het ook in **2016** en **2010** (paragraaf 6) gebeur.

Hieruit is dit duidelik dat die reeds ("already") **drie** keer gebeur het.

---

10. B: geheime uitvind

4 punte

**Verduideliking:**

'n **Spioen** se taak is om **geheime** ("secrets") vir 'n **intelligensie-organisasie** ("intelligence organisation") te bekom.

'n Spioen is gewoonlik **nie** 'n persoon wat **formeel** daarvoor **opgelei** is **nie** ("does not receive formal training").



---

11. "lysies" | lysies

3 punte

**Verduideliking:**

In Afrikaans kry slegs **selfstandige naamwoorde** ("nouns") verkleinings.

Woorde wat eindig op **-s, -k, -p, -g** en **-f**, kry die **agtervoegsel, -ie**, om 'n **verkleining** te vorm, byvoorbeeld:

- Broek ("pants") - broekie
- Duif ("pigeon") - duifie
- Vuis ("fist") - vuisie

---

12. D: graad

4 punte

**Verduideliking:**

**Aangepas** is die **werkwoord** ("verb") van die sin. Die **bywoord** ("adverb") **beskryf** die werkwoord.

Wanneer 'n **bywoord** ("adverb") hierdie vrae kan beantwoord, is dit 'n **bywoord van graad**:

- Sy het niks gekry nie. **Hoeveel** het sy gekry? Niks - dit is 'n **bywoord** van **graad** ("degree").
- Hulle dieet is feitlik heeltemal aangepas. **Tot watter mate** is hul dieet aangepas? Heeltemal - dit is 'n **bywoord** van **graad**.

---

13. Uitroepsin

3 punte

**Verduideliking:**

'n **Uitroepsin** ("exclamation") gee **emosie** ("emotion") en **gevoelens** weer. Dit eindig altyd met 'n **uitroepteken** ("exclamation mark").

Nog voorbeelde van **uitroepsinne**:

- Daar trek my hoed! ("There goes my hat!")
- Stop die trein!
- Ek het geslaag! ("I have passed!")



---

14. onwaar

2 punte

**Verduideliking:**

**Broeityd** bestaan uit 'n **basiswoord** ("root word") + **basiswoord**:

- Broei + tyd = broeityd.

Wanneer 'n nuwe woord gevorm word deur **twee basiswoorde saam** te voeg, word dit 'n **samestelling** ("compound word") genoem.

---

15. valer as | "valer as"

3 punte

**Verduideliking:**

**Trappe** van **vergelyking** ("degrees of comparison") word gebruik om **byvoeglike naamwoorde** ("adjectives") in verskillende grade uit te druk.

- Die **stellende trap** ("positive degree") **beskryf** die **selfstandige naamwoord** ("noun"). Dit is 'n **vaal** broek.
- Die **vergroterende trap** ("comparative degree") word gebruik om **twee dinge** met mekaar te **vergelyk**. Die woord, **as**, word in die vergroterende trap gebruik. Die wyfie is **valer as** die mannetjie.
- Die **oortreffende trap** ("superlative degree") word gebruik om **een** iets **te vergelyk** met **baie ander** van dieselfde soort. Die woord, **die**, word **altyd saam** met die oortreffende trap gebruik. Die wyfie is **die vaalste** van al die wyfies.

---

16. B: 'n enkelvoudige sin

4 punte

**Verduideliking:**

'n **Enkelvoudige** sin ("simple sentence") het **slegs een werkwoord** ("verb"), byvoorbeeld:

- Hulle **woon** in stadsgebiede. (paragraaf 5)
- Hulle **broei** vir sowat 18 dae. (paragraaf 6)
- Die meeste mense **jaag** hulle weg! (paragraaf 6)

---

17. onwaar

2 punte

**Verduideliking:**

Die **werkwoord** ("verb") het **drie tye**, naamlik:

- **Teenwoordige tyd** ("present tense"): Ek **eet** my kos.
- **Verlede tyd** ("past tense"): Ek **het** my kos **geëet**.
- **Toekomende tyd** ("future tense"): Ek **sal** my kos **eet**.



---

18. waar

2 punte

**Verduideliking:**

Die **hoofwerkwoord** ("main verb") kan soms as **een of twee woorde** in 'n sin voorkom en word dan **deelwoorde** genoem, byvoorbeeld:

- Ek **tref** die man in die kombuis **aan**. ("You will find him in the kitchen.")
- Jy sal hom by die skool **aantref**. ("You will find him at school.")
- Gister het ons die hond by die skool **aangetref**. ("Yesterday we found the dog at school.")

---

19. onvriendelik

3 punte

**Verduideliking:**

**Antonieme** ("antonyms") is woorde wat die **teenoorgestelde** ("opposite") **betekenis** het. Die **konteks** van die **sin** is **belangrik** wanneer 'n antoniem gekies word.

**Ander** antonieme wat ook gevorm word deur **dieselfde voorvoegsel** te gebruik, is:

- Skuldig - **onskuldig** ("guilty - innocent")
- Gelukkig - **ongelukkig** ("happy - unhappy")
- Tydig - **ontydig** ("timely - untimely")

---

20. waar

2 punte

**Verduideliking:**

Die begrip, **vooroordeel** ("prejudice"), verwys na **onverdraagsaamheid** ("intolerance") teen **iemand** of **iets** of **vooraf veroordeling** van 'n mens of iets.

Die **houding** ("attitude") teenoor die **tuinduif** is dat hul **alles sal eet** wat voorkom. Die woord, **verorber**, is 'n **negatiewe gedagte** en dui op **vooroordeel** teenoor die soort duif.

---

21. onwaar

2 punte

**Verduideliking:**

'n **Stelsin** ("statement") gee **feite** ("facts") weer of dra **opinies** ("opinions") oor. Dit is bloot 'n **stelling** en eindig met 'n **punt** ("full stop").



**Verduideliking:**

**Voorsetsels** ("prepositions") is **kort woordjies** wat **voor selfstandige naamwoorde** ("nouns"), **werkwoorde** ("verbs"), **bywoorde** ("adverbs") en **voornaamwoorde** ("pronouns") gebruik word om **posisie** of **verhouding** aan te dui, byvoorbeeld:

- Die kat sit **onder** die tafel.
- Sussie slaap **op** die bed.
- Janie loop **oor** die straat.

**Byvoeglike naamwoorde** ("adjectives") **beskryf** die **selfstandige naamwoord**, byvoorbeeld:

- Dit is 'n **lastige** vlieg ("bothersome fly").
- Die **blaffende** hond ("barking dog") maak lawaai.
- 'n **Geel** suurlemoen lyk mooi.

**Verduideliking:**

Die **hulpwerkwoord** ("auxiliary verb"), **het**, word gebruik om 'n sin in die **verlede tyd** ("past tense") te skryf.

**"Het"** word net **na** die **onderwerp** ("subject") van die sin **geskryf**, in die plek van die **eerste werkwoord** ("verb") in die sin.

Die **werkwoord skuif** na die **end** van die sin en die **voorvoegsel**, **ge-**, word by die werkwoord **gevoeg**, byvoorbeeld: aangemoedig.

Die **werkwoord** in hierdie sin, is 'n **deelwoord** of saamgestelde werkwoord, want dit is die **saamvoeging** van **aan** en **moedig**, byvoorbeeld:

- Ons **moedig** die duiwe **aan**.
- Ons gaan die duiwe **aanmoedig**.
- Hulle **het** die duiwe aangemoedig.

**Verduideliking:**

Die lidwoord staan altyd **voor** 'n **selfstandige naamwoord** ("noun"). Dit het 'n **invloed** op die **betekenis** ("meaning") van die sin. Afrikaans het **twee soorte lidwoorde** ("articles"):

- **Bepaalde lidwoord** - **die**. Dit verwys na iets **spesifieks** ("specific"), soos: Hulle het **die hond** ("the dog") gevind.
- **Onbepaalde lidwoord** - **'n**. Dit verwys na iets in die **algemeen** ("general"), soos: Ons wil **'n hond** ("a dog") koop.

**Voegwoorde** ("conjunctions") word gebruik om **sinne te verbind** ("join"). Daar is **3 groepe voegwoorde**. Omdat is 'n voegwoord uit **Groep 3**. Wanneer voegwoorde uit **Groep 3** gebruik word, word **geen komma voor** die **voegwoord** gebruik **nie**.

**Verduideliking:**

**Verkortings** word gemaak deur die **al die letters** van die **eerste lettergreep** ("syllable") + die eerste **konsonant** ("consonant") van die **volgende lettergreep** te gebruik, byvoorbeeld:

- Antwoord - antw.
- Wiskunde - Wisk.
- Temperatuur - temp.

---

**Totaal: 76 Punte**